8 Mei 2024

Beste kollegas

Na ‘n tydjie van stilswye rig ons graag weer ‘n skrywe aan u. Die veranderinge by die ICO-kantore keer ons nie om ons geroepe taak steeds met blymoedigheid te verrig nie.

Ons staan op die vooraand van die herdenking van Jesus Christus se Hemelvaart waarna ons die uitstorting van die Heilige Gees tydens die Pinksterfees gedenk.

“En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.” 2 Kor 3:18

Ek wil die Here loof! Ons hele lewe is tog in God se hande. Hy het die lewensasem in die mens geblaas. Deur Hom lewe ons. Sonder Hom is ons dood.
In alles in die skepping is God betrokke. Sy lewensasem gee nuwe lewe. Alreeds by die skepping was die Lewensasem, die Gees, werksaam. Hy is tog van ewigheid af God, saam met die Vader en die Seun.
God hou die skepping, wat eintlik verlore is, deur sy vernuwende Gees in stand. Al is ons wêreld so vol sonde, is daar tog ’n balans. Dit is God se werk. Alles het ’n bepaalde plek en betekenis in die groot geheel, want alles is deur God goed gevestig.
Die Gees werk vernuwend in die natuur: uit die grond groei nuwe lewe. So stuur Hy die hele skepping na die wederkoms van Christus. Soos in die natuur, blaas die Heilige Gees ook die lewensasem in ons om ons nuut te maak. Deur ons sondes is ons vuil, korrup, liefdeloos, losbandig en goddeloos. Waar ons ore sluit om nie deur God se Woord die Gees in ons laat werk nie, bly net verderf en dood. Deur die werking van die Gees kom daar in ons egter nuwe lewe en dit is “liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing” (Gal. 5:22).

So ’n lewe ervaar die wonder van Christus se lewe persoonlik.
So ’n lewe vertrou geheel en al op God alleen en wil Hom in alles eer.
So ’n lewe laat God in jou meer word en jyself minder.
So ’n lewe maak God se Naam groot oral waar jy kom.

Luister en sien die werk van die Heilige Gees! Daarom wil ek die Here loof!

*(Almanak-dagstukkies 2022, geskryf deur emeritus predikant Ds. RG Aucamp)*

### 1. ICO-Atletiek

Ons bedank die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn vir ‘n heerlike en suksesvolle ICO-atletiekbyeenkoms. Ons besef dat dit baie harde werk was, maar julle het gewys hoe ‘n klein



Hoofkantoor
Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria, 0186
E: saskiameijer@ico.org.za | S: 082 491 4965

INSTITUUT VIR CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

gemeenskap kan saamstaan om so ‘n groot byeenkoms te organiseer. Ons wil ook aan elke skool en ouer wat gehelp het baie dankie sê. Dit is werklik spanwerk. Dan ook dank aan Akademie Reformia wat as gasheer skool in 2025 sal optree. Druk gerus op mekaar se knoppies vir wenke en advies, en soos altyd staan die ICO gereed. Ons het baie geleer uit hierdie byeenkoms en is besig om die huidige program te verbeter.

### 2. ICO-kantore

Ons wil graag kortliks terugvoer gee oor die werksaamhede by die ICO noudat Mev Saskia Meijer skoolhoof van Gereformeerde Skool Dirk Postma is.

Die jaar het met ‘n behoorlike spoed begin, maar die opleiding aan leerders en personeel het onverpoosd voortgegaan. Mev. Saskia Meijer is steeds in waarnemende hoedanigheid aan die stuur van sake by die ICO. Alle navrae word tans deur myself hanteer. Kontak my gerus by admin@ico.org.za of by 072 236 0777. Die ICO werksaamhede gaan dus steeds voort soos in die verlede.

### 3. ICO-seminaar

Ons dank die Here vir ‘n geslaagde seminaar. Dit was ‘n voorreg om ICO se 10-jaar bestaan met ‘n pragtige program te kon herdenk. Die terugvoer wat ons ontvang het is baie bemoedigend en motiveer die span om voort te gaan met hul dienswerk. So ‘n seminaar gebeur nie vanself nie. Dit is harde werk en verg mooi beplanning om alles en almal gereed te kry. Ons wil graag Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn asook die Vrye Gereformeerde Kerk bedank vir die gebruik van hul geriewe. Dit is ‘n riem onder die hart om te kan saamwerk met ‘n groep staatmaker personeel.
Die seminaar vir 2025 lê reeds op ons agenda, stuur dus so gou as moontlik jul behoeftes vir bepaalde temas per e-pos aan ons. Ons gee graag aandag daaraan.

### 4. FEDSAS affiliasie

FEDSAS het aan alle ICO-skole hul affiliasie rekening gestuur. Individuele skole betaal egter nie enige lidmaatskapfooie nie, die ICO dra dit. ICO het ‘n ooreenkoms met FEDSAS beding wat inhou dat ICO skole toegang het tot alle FEDSAS dienste.

Om aan ICO te kan behoort moet die skole lidmaatskapfooi van R55 per leerling per jaar bydra. Hierdie ledegeld word onder andere aangewend vir die volgende:

- Verleen hulp met die ontwikkeling asook die hersiening van die Waterstroomreeks;
- Subsidieer kostes aangegaan om die verskillende byeenkomste: (jaarlikse atletiek, seminare, ens.) moontlik te maak;
- Administratiewe kostes: druk van dokumente, advertensiemateriaal, webtuiste, telefoon uitgawes, brandstofuitgawes ens.;
- Jaarlikse ledegeld by die Gauteng Joint Liaison Committee;

- Lidmaatskap by FEDSAS;
- ICO verleen advies waar nodig;
- Sekretariële dienste.

Baie dankie aan elke skool wat reeds sy lidmaatskapfooi aan die ICO betaal het.

## 5. Subsidie

Die Gauteng Joint Liaison Committee waar die ICO ook by betrokke is, het ‘n skrywe aangaande die subsidiewysiging aan die Departement van Onderwys gestuur. Ons wag vir terugvoer vanaf die departement.

## 6. Thinking Tools

Ons kan die gratis kursus oor denkvaardighede aangebied deur dr Cas Olivier van harte aanbeveel. Meer inligting op die volgende skakel: www.learningdesigns.co.za of kontak vir Dr Cas Olivier by 0832592857.

## 7. Aros 20 Jaar

ICO was bevoorreg om te kon deel in die spesiale feesgeleentheid ter ere van Aros se 20 jaar bestaan. Daar het ons weereens beleef hoe die Here sy werk in stand hou. Vanuit ARSO (later ICO) het ‘n uitnemende tersiêre instansie ontstaan wat van jaar tot jaar groei. Prys die Here vir sy sorg.




Mnr Rob van der Kooy het ‘n pragtige volkleur boek oor die eerste 10 jaar van Aros se geskiedenis geskryf. Die boek is deur Fontein Uitgewery uitgegee. Kontak vir Mev. Marlize Rossouw vir meer inligting oor die boek by Marlize@fonteinuitgewery.co.za.

## 8. Noodhulp by skoolsportbyeenkomste

Na aanleiding van ‘n hofsaak teen ‘n openbare skool het FEDSAS ‘n dokument opgestel om skole met die bestuur van noodhulpdienste by skoolsportbyeenkomste te help. In dié aangeleentheid het ’n leerder ernstige beserings by die sportdag opgedoen, wat daarna deur die onbevoegdheid van die noodhulpwerkers vererger is.

‘n Paar riglyne soos deur FEDSAS vermeld:

- Indien die sportbyeenkoms nie ’n massabyeenkoms is nie (1000 mense of meer), moet die skool as ’n voorsorgmaatreël toesien dat ten minste een gekwalifiseerde paramedikus in ’n mediese reaksievoertuig op die perseel of op gereedheidsgrondslag is. ’n Opgeleide noodhulpwerker moet by die byeenkoms teenwoordig wees.

- Onafhanklike skole moet die registrasie van mediese diensverskaffers nagaan. Skole kan https://sapaesa.co.za/member-directory/ raadpleeg vir ’n lys gelisensieerde privaat mediese nooddienste.
- Skole is ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 verplig om ’n noodhulptas beskikbaar te hê tydens sportoefeninge en daaglikse buitekurrikulêre aktiwiteite. FEDSAS beveel aan dat die spanafrigter gedurende oefeninge ’n standaardnoodhulptas (regulasie 3) byderhand hou. Dit is ook raadsaam dat die afrigter die kontakbesonderhede van alle spanlede se ouers/voogde het.

(Volledige artikel is beskikbaar op FEDSAS se webtuiste.)
https://www.fedsas.org.za/Documents/IndependentSchools/Category/IS-Useful-Information

Tot so ver die nuus. Ons wens julle ‘n mooi en geseënde Hemelvaart en Pinkster toe. Mag ons dit ook in die klaskamers gedenk.

Vriendelike Groete

Annelieke Visser